BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

## Deel 2 – Die Lam van God

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Wat dink jy is die waarde en belangrikheid van ons getuienis in hierdie wêreld?**
- **Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons weet watter rol ons speel in God se storie en watter rol ons nie speel nie?**
- **Wat is tans iets in jou lewe wat geleenthede bring om Jesus op die tafel te sit vir mense?**

---

---

---

**Lees deur Genesis 22:1-13 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Wat staan vir jou uit van hierdie gedeelte?**
- **Watter ooreenkomste sien jy tussen hierdie gedeelte en Jesus se kruisiging?**

---

---

---

**Lees deur Eksodus 12:1-14 en Hebreërs 9:11-15 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Watter ooreenkomste sien jy tussen hierdie en die kruisiging van Jesus?**
- **Watter waarde het Jesus se bloed vir ons bewerk?**

---

---

---

**Lees Jesaja 53 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Wat staan vir jou uit van hierdie gedeelte?**
- **Watter ooreenkomste sien jy tussen hierdie gedeelte en Jesus se kruisiging?**

- **Sou jy jouself tans beskryf as iemand wat leef en hulle invloed en posisie gebruik om Jesus bekend te maak? Indien nie, wat ervaar jy moet jy doen?**
- **Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**